# Kleinmond Spesiale Aanslaggebied

Maatskappy sonder winsbejag
Registrasienommer 2021 / 352528 / 08

Jaarverslag

vir die termyn 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026

## 1. Agtergrond

Kleinmond Spesiale Aanslaggebied (KSAG) is in 2021 na ’n lang proses en nadat die meerderheid eiendomseienaars in Kleinmond ten gunste daarvan gestem het, formeel in die lewe geroep.

Die KSAG maatskappy sonder winsbejag is op 28 Januarie 2021 gestig en by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom geregistreer.

Die doel van KSAG is om die Overstrand Munisipaliteit by te staan deur:

- verbeterde monitering van openbare areas deur middel van die jongste tegnologie;
- die behoefte aan verbetering in openbare areas te identifiseer, te rapporteer en die saak op te volg om sodoende stedelike verval te voorkom;
- die behoud van ’n skoon en gesonde omgewing deur middel van inspeksie, rapportering en opvolging van enige bedreiging vir die omgewing en enige afwyking van aanvaarbare standaarde vir skoon en aantreklike openbare areas;
- die behoud van ’n veilige omgewing vir al die inwoners en besoekers aan die dorp; en
- die monitering van die oortreding van munisipale regulasies en die rapportering van onaanvaarbare gedrag in openbare areas aan die wetstoepassingsdienste sodat hulle dienooreenkomstig kan optree.

Alles wat KSAG doen, is aanvullend tot die dienste wat die munisipaliteit reeds lewer.

Om hierdie dienste te befonds, word ’n klein bedrag as ’n spesiale aanslag van belastingbetalers verhaal en aan KSAG (’n maatskappy sonder winsbejag) oorbetaal.

Besoek ons webwerf by www.kleinmondsag.co.za vir die KSAG-sakeplan met meer inligting.

## 2. Direkteure en Portefeuljes

Die portefeuljes is soos volg onder die verkose direkteure verdeel:

### 2.1 Vic Brink (voorsitter)

- Voorsitter by vergaderings.
- Stel agendas op.
- Stel die jaarverslag op.
- Woon vergaderings met diensverskaffers by.
- Berei dokumente en aanbiedings vir vergaderings voor.
- Woon vergaderings met amptenare van die Overstrand Munisipaliteit (OM) rakende KSAG by.
- Woon gesamentlike vergaderings met verteenwoordigers van ander Spesiale Aanslaggebiede in die munisipale gebied by.

### 2.2 Guy Andrews (operasioneel)

- Hou toesig oor die operasionele funksionering van KSAG.
- Hou vergaderings met die diensverskaffer (Fidelity ADT).
- Verteenwoordig KSAG by die OM Openbare Veiligheidsforum en die OM Wyk 9-komitee.

- Woon gesamentlike vergaderings met verteenwoordigers van ander SAG's in die munisipale gebied by.
- Woon JOCOM-vergaderings by en doen verslag aan die raad.
- Verteenwoordig KSAG in die KSAG Openbare Veiligheidskomitee.
- Stel Standaard Bedryfsprosedures (SOP's) op en hou dit op datum.
- Gee advies oor misdaadtendense in Kleinmond.

### 2.3 Charles Swartz (operasioneel)

- Mede-toesig oor die operasionele funksionering van KSAG.
- Woon gereelde vergaderings met Fidelity ADT by.
- Gee advies oor misdaadtendense in Proteadorp/Overhills.
- Bestuur gedeeltes van die installering van infrastruktuur vir die CCTV-stelsel.

### 2.4 Jan Stander (finansies)

Hou toesig oor alle finansiële bestuursaangeleenthede.

- Verseker dat die Finansiële Standaard Bedryfsprosedures nagekom word.
- Oorweeg kwotasies van diensverskaffers en doen aanbevelings aan die Raad.
- Magtig ad hoc-betalings nadat dit deur die Raad goedgekeur is.
- Finaliseer die jaarlikse begroting (saam met die Voorsitter en die Raad.
- Verseker voldoening aan die finansiële vereistes van CIPC, SARS en die Overstrand Munisipaliteit.
- Skakel met die eksterne ouditeure vir die jaarlikse oudit en lê die Jaarlikse Finansiële State aan die Raad voor vir goedkeuring.
- Ontvang instandhoudingsverslae van die diensverskaffer en doen aanbevelings aan die Raad oor kwotasies vir toerusting en werk wat nodig is om probleme reg te stel.

### 2.5 Vakant (skoon en gesonde omgewing)

- Hou 'n lys by van voorvalle van onwettige rommelstorting en ander aangeleenthede wat 'n negatiewe invloed op padveiligheid, netheid en die gesondheid van Kleinmond se omgewing het, en dateer dit gereeld op.
- Werk saam met die verskillende vrywilligersgroepe wat tans betrokke is, soos die Eko-bediening, Strandlopers en die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging.
- Woon gereelde vergaderings by met die betrokke munisipale amptenare en ander rolspelers waar hierdie aangeleenthede aangemeld, bespreek en aksies beplan word om dit aan te spreek.
- Meld relevante kwessies op die Collab-toepassing aan.
- Doen op 'n toeganklike wyse verslag aan die Raad oor hierdie aangeleenthede.

### 2.6 Jean du Plessis (misdaadtendense)

- Doen 'n ontleding van die maandelikse Fidelity ADT-verslae oor beheerkamer-aktiwiteite om tendense aan te toon en aanbevelings te maak.
- Evalueer die suksesse en tekortkominge wat met die kamerastelsel verband hou.

## 3. Adviserende lede

### 3.1 Stephen Hansen

Diensverskaffer vir die KSAG se finansiële-administrasie:

- Hou rekeningkundige- en boekhoudkundige rekords by.
- Hanteer betalings aan diensverskaffers.
- Fasiliteer die ontvangs van maandelikse heffings/inkomste vanaf die Overstrand Munisipaliteit en stel BTW-fakture op.
- Berei BTW-opgawes en ander inligting vir indiening by SARS voor en dien dit in.

- Berei statutêre SARS-opgawes en CIPC-opgawes voor en dien dit in.
- Berei die standaard maandelikse finansiële verslae vir die Overstrand Munisipaliteit voor en dien dit in.
- Bestuur die bankrekeninge en kontantvloei.
- Berei maandelikse finansiële verslae voor en dien dit by die Raad in.
- Berei die konsep-jaarbegroting voor vir finalisering deur die Raad.
- Berei die finansiële inligting vir die jaarlikse oudit voor en fasiliteer die eksterne ouditproses.
- Verleen bystand aan en ondersteun die Finansiële Direkteur met advies oor kwotasies, betalings, begrotings, verslagdoening, ensovoorts.
- Skakel met die Finansiële Departement van die Overstrand Munisipaliteit oor standaard operasionele aangeleenthede en stel die Finansiële Direkteur van alle relevante sake in kennis.
- Woon raadsvergaderings en ander relevante vergaderings by soos benodig.

### 3.2 Jill Goldberg

Diensverskaffer vir die KSAG se administrasie:

- Gee kennis van vergaderings.
- Hou notule van vergaderings.
- Skryf maandelikse verslae aan eiendomseienaars.
- Stuur verslae aan eiendomseienaars via die Mailchimp e-posplatform en publiseer dit op sosiale media en in die plaaslike koerant.
- Hanteer alle korrespondensie namens KSAG in oorleg met die Voorsitter.
- Hou KSAG se elektroniese liasseerstelsel op datum en rugsteun alle data.
- Hou die databasis van eiendomseienaars en lede op datum.
- Dateer die KSAG-webwerf op wanneer nodig.
- Skakel met die media oor die werk van KSAG.
- Werk direkteursbesonderhede op die CIPC-webwerf by.

### 3.3 Verteenwoordigers van Overstrand Munisipaliteit in die KSAG-raad

Raadslid Stephen Williams en Raadsheer Grant Cohen (sekundus) is deur OM benoem om adviserend in die KSAG-raad te dien.

### 3.4 Verteenwoordigers van die diensverskaffer (FADT) en Kleinmond Straatwag

Hulle woon, op uitnodiging, die gedeelte van die maandelikse vergaderings van die KSAG-raad by waar die maandelikse verslae van die diensverskaffer bespreek word.

## 4. Databasis

Die databasis van eiendomseienaars in Kleinmond wat gebruik word vir die versending van KSAG se verslae en kennisgewings, is pas opgedateer.

## 5. POPIA

KSAG voldoen aan die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA). KSAG se beleid hieroor verskyn op KSAG se webwerf. KSAG MSW sal die vertroulikheid van e-posadresse en ander persoonlike informasie respekteer, sal dit nie aan enige derde party openbaar nie en sal dit alleen vir kennisgewings en verslae aan eiendomseienaars gebruik.

## 6. KSAG CCTV-projek

KSAG werk saam met OM-Openbare Veiligheid, die plaaslike polisie, Kleinmond Straatwag, sekuriteitsmaatskappye en die gemeenskap om misdaad in openbare gebiede te bekamp.

Fase 3 van die KSAG CCTV-projek is pas voltooi. KSAG het nou 22 pale met 59 kameras op strategiese plekke in al die woonbuurtes nadat toestemming van OM volgens hulle CCTV-beleid

verkry is. Dit word in ’n toegewyde beheerkamer deur die diensverskaffer Fidelity ADT gemonitor. ASK IT verskaf die netwerkdienste vir die stelsel verskaf.

Die stelsel stoor beeldmateriaal van insidente wat in die omgewing van ’n kamera plaasvind. Dit kan nagespeur word wanneer dit in ’n ondersoek benodig word. Die kameras is so opgestel dat dit van sononder saans tot en met dagbreek soggens outomaties aktiveer wanneer daar enige beweging deur mense of voertuie in die veld van die kameras is. Die beweging word nagegaan en indien dit verdag voorkom, word die patrollievoertuig dadelik uitgestuur om ondersoek in te stel. As dit dan lei tot die identifisering van ’n misdaad, word die polisie of munisipale wetstoepassers ingeroep om die saak verder te hanteer. As die materiaal die polisie of OM-wetstoepassing in hulle ondersoek kan help, en daar word ’n saak geopen, kan hulle die materiaal aanvra.


Die KSAG-diensverskaffer gee volgens ’n vaste skedule aandag aan die instandhouding van die KSAG-kamera infrastruktuur en herstel of vervang toerusting wanneer nodig.

## 7. Uittreksel uit verslae Januarie tot Junie 2026


Die maandelikse verslae van die diensverskaffer oor kamera-aktiverings en opvolgaksies word deur die KSAG-Raad bestudeer en strategiese besluite word, onder meer, hierop gegrond.

Hier is ’n uittreksel uit die verslae wat perspektief aan lesers van hierdie verslag kan gee:


### 7.1 Insidente wat opgevolg is per woonbuurt



7.2 Die bron van insidente wat by die beheerkamer aangemeld is





7.3 Die aard van insidente wat aangemeld en opgevolg is



7.4 Die getal outomatiese aktiverings van sommige van die kameras

| Cameras | # Alerts Jan 2026 | # Alerts Feb 2026 | # Alerts Mar 2026 | # Alerts Apr 2026 | # Alerts May 2026 | # Alerts June 2026 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Haemanthus - PTZ | 27 293 | 31 657 | 40 637 | 39 181 | 36 575 | 46 246 |
| Skool-Luntu-West-Visual | 18 430 | 38 318 | 47 700 | 43 767 | 43 032 | 53 501 |
| Protea - Skool - East | 19 530 | 36 457 | 68 602 | 60 531 | 60 446 | 78 684 |
| 9th - 9th - West | 46 607 | 91 735 | 62 769 | 63 291 | 60 849 | 78 150 |
| Alheit - Paul - West | 10 075 | 17 137 | 7 641 | 7 985 | 7 727 | 9 403 |
| 6th - 13th - West | 15 902 | 29 621 | 22 292 | 19 189 | 18 296 | 24 143 |
| Skool - Luntu - North | 34 366 | 10 420 | 28 673 | 19 831 | 23 152 | 13 656 |
| 12th - Skool - South | 47 920 | 40 898 | 61 050 | 54 799 | 57 114 | 113 198 |
| 3rd - Beach - West | 31 169 | 40 346 | 28 699 | 27 808 | 12 415 | 27 130 |
| Skool - Luntu - South | 27 756 | 113 425 | 78 697 | 74 672 | 1 113 | 101 183 |
| Harbour - Luckhoff West | 61 601 | 108 423 | 41 578 | 64 935 | 57 317 | 70 417 |
| Main - Singleton - South | 34 954 | 63 576 | 35 724 | 38 808 | 42 879 | 55 152 |
| Alheit - Paul - East | 4 131 | 3 369 | 5 381 | 3 983 | 4 012 | 2 985 |
| 3rd - Beach - North | 14 298 | 8 811 | 1 183 | 9 841 | 731 | 10 621 |
| Botrivier - 9th - South | 169 764 | 148 025 | 117 474 | 115 154 | 106 529 | 150 772 |
| Skool - Luntu - East | 38 484 | 175 909 | 162 016 | 144 727 | 148 186 | 193 500 |
| Protea - Skool - South | 29 044 | 59 854 | 41 036 | 31 998 | 71 994 | 78 732 |
| Protea - Skool - West | 54 995 | 229 856 | 152 905 | 140 823 | 140 495 | 185 530 |
| 12th - Skool - West | 76 171 | 63 043 | 54 830 | 82 827 | 85 318 | 113 198 |
| **TOTAL MOTION** | **762 490** | **1 310 880** | **1 058 887** | **1 044 150** | **978 180** | **1 406 201** |



## 8. Verlenging van die KSAG-termyn

Die Algemene Jaarvergadering van KSAG het op 11 September 2024 die verlenging van KSAG se termyn vir 'n verdere vyf jaar vanaf 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2030 eenparig goedgekeur nadat die voorgeskrewe proses gevolg is. Die aansoek is voor die einde van September 2025 formeel by die Overstrand Munisipaliteit ingedien en is op 29 Mei 2025 deur die Overstrand Munisipale Raad goedgekeur.

## 9. CCTV-diensverskaffer

Die KSAG-raad het in Junie 2025 aan voornemende diensverskaffers die geleentheid gegee om as deel van 'n bodproses voorleggings te maak oor hulle vermoë om die KSAG-kamerastelsel te bedryf, 'n plaaslike beheerkamer waarin die monitering sal plaasvind te voorsien en ook te beskryf hoe hulle die reaksie op kamera-aktiverings sal hanteer.

Die KSAG-raad het na afloop hiervan en na deeglike evaluering besluit om Fidelity ADT aan te stel as diensverskaffer vir die monitering van die kamerastelsel in hulle beheerkamer en die reaksie op verdagte insidente. Hulle is ook verantwoordelik vir die instandhouding van die stelsel.

## 10. Misdaadstatistiek vir Hangklip/Kleinmond

Nadat die SAPD hulle misdaadstatistiek elke drie maande vrygestel het, is 'n opsomming van die statistiek van hierdie gebied aan Kleinmond se eiendomseienaars gestuur.

## 11. Verslae aan eiendomseienaars

Maandelikse verslae is aan eiendomseienaars gestuur waarin onder meer plaaslike misdaadtendense, inligting oor kamera-aktiverings, wenke vir veiligheid en kwessies oor die gesondheid van die omgewing bespreek is. Dit is ook in die *Overstrand Herald* gepubliseer en op sosiale media soos KSAG se *Facebook*blad en *Kleinmond Community* geplaas.

## 12. Forum vir Overstrand SAG's

Daar bestaan tans drie spesiale aanslaggebiede in die Overstrand: Kleinmond SAG, Hermanus SAG (ook bekend as Hermanus Public Protection) en Onrus/Vermont SAG.

Die forum bied aan die direksies van die SAG's 'n ruimte waar verteenwoordigers van elk sake van gemeenskaplike belang en beste praktyke bespreek.

## 13. Skoon en gesonde omgewing

Die KSAG-sakeplan identifiseer die volgende as sleutelprestasie-areas ten opsigte van 'n skoon en gesonde omgewing:

Om OM te ondersteun deur die volgende probleemareas te moniteer en daaroor te rapporteer:

- onwettige rommelstorting en -strooiing,
- die blokkering van stormwaterkanale,
- gebiede en woongebiede wat 'n brandgevaar inhou,
- alkoholmisbruik in openbare areas,
- kwessies rakende probleemdiere,
- indringerplantegroei,
- die noodsaak van brandpaaie en
- die verval of vandalisering van voetpaadjies en plankepaadjies.

Van die moeiliker kwessies wat deurlopend aandag geniet is die voortdurende stryd teen die onwettige storting van rommel in en rondom die dorp en die verspreiding van indringerplante uit dorpstuine na die biosfeer.

Namens die direkteure van Kleinmond SAG MSW

**Vic Brink** (voorsitter)